**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

# die WAPAD

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

JAARGANG XXIII — WOENSDAG 20 MAART 1968 — No. 6

*Uniewinkels*
die moderne
MANS-EN SPORT-UITRUSTERS

## *S.W.A.-vereniging*



Die bestuur van die nuut-gestigte P.U.-Suidwes Studentevereniging. Op die foto verskyn van links na regs: A. J. Steyn, Dawid van Wyk, Mietie van der Merwe, K. Kotze en Basie Gey van Pittius (voorsitter).

Foto: Fotokuns

## Suidwesters kry eie vereniging

'n S.W.A.-Studente Vereniging is op 4 Maart aan die Potchefstroomse Universiteit gestig.

Mnr. Basie Gey van Pittius is as voorsitter verkies en Dawid van Wyk as ondervoorsitter. Mietie van der Merwe is die nuwe vereniging se sekretaresse. Koos Kotze en Apie Steyn is die twee addisionele lede.

**KENMEKAAR**

Op die vergadering is besluit om 'n kenmekaaraand op 19 April te hou en sodoende te verseker dat die Suidwesters wel van mekaar se bestaan bewus sal wees. Nog meer aksies word in die toekoms verwag.

Hulle is ook baie trots daarop dat hulle „Zo hartz wie Kameldornholtz ist unser Land . . .", met elke byeenkoms sal kan sing.

Al die Suidwesters behoort aan die vereniging.

## Volkekundiges gaan na Rhodesië

Die Naturelleadministrasie- en Volkekunde-departemente beplan 'n uitgebreide toer deur Rhodesië en 'n deel van Mosambiek vir die Julievakansie.

Die derdejaars-naturelleadministrasieleerplan sluit 'n volledige studie van Rhodesië in (sy beleid, administrasie en 'n beskouing van die huidige posisie van die land.) en die doel van die toer is om in die opsig vir 'n agtergrond te sorg.

**REGERINGSLEIERS**

Onderhoude sal gevoer word met regeringsleiers, Bantoekapteins en lede van alle politieke groepe om hulle sieninge in verband met die huidige posisie van Rhodesië te toets.

Daar sal hoofsaaklik kamp opgeslaan word in natuurreservate. Die finale reëlings sal later bekend gemaak word.

### A.S.B.-PRESIDENT TYDENS TAKBESOEK:

# A.S.B., Nusas het niks om oor te gesels

**DIE A.S.B. en Nusas het niks om oor te gesels nie en kan nie tot 'n positiewe resultaat kom nie. As 'n Engelse inrigting hom uitnooi om die A.S.B. aan hulle bekend te stel en kritiese vrae vra, sal hy dit met graagte aanvaar, maar om te debatteer of 'n gesprek te voer oor kulturele sake, kan nie veel diepte hê nie.**

**So het mnr. Ben de Klerk, president van die A.S.B., gesê toe hy verlede Dinsdagaand die woord gevoer het by 'n takbesoek van die A.S.B.-hoofbestuur aan die P.U.**

Mnr. De Klerk het gesê dat die A.S.B. aan sy beleid glo maar sy beginsels nie as eksklusiewe waarhede beskou nie. Aan elkeen wat daarna wil luister, sal die A.S.B. vertel waarvoor hy staan. Voorwaardes vir die voer van 'n produktiewe gesprek is ooreenstemming oor die bestaan van 'n Drie-enige God, dat die inhoud van die gesprek 'n gemeenskaplike saak van albei partye moet wees en dat dit nie moet gaan om 'n demonstrasie van magte teen mekaar nie. „Toneelspel hoort nie op die studenteterrein nie," het mnr. De Klerk gesê.

**NIE VAAG**

Oor die A.S.B. het mnr. De Klerk gesê dat die organisasie nie vaag en buite onsself is nie. Die Afrikaanse student is die A.S.B. Die A.S.B. is die produk van ons gesamentlike studenteaktiwiteite op al die Afrikaans kampusse vanuit die Christelike Nasionale lewensbesokuing.

Die A.S.B. is die enigste kultuurorganisasie op studentevlak in Suid-Afrika en nie 'n soort partypolitieke organisasie nie.

**IMMIGRANTE**

**Wat immigrante betref, het mnr. De Klerk gesê dat die A.S.B. projekte probeer beplan om nuwe burgers van ons eg Afrikaanse manier van studentelewe bewus te laat raak. 'n Nuwe departement op die Hoofbestuur word daarvoor beoog.**

**NIE-BLANKES**

Mnr. De Klerk het gesê dat die A.S.B. en die Afrikanerstudent nog 'n baie groter verantwoordelikheid teenoor die nieblanke volksgroepe in die land het. Ons moet by onsself begin en persoonlike verantwoordelikheid aanvaar vir die suksesvolle toepassing van die beleid van afsonderlike ontwikkeling.

Die vertroue by die Bantoe en ander volksgroepe dat die Afrikaner se lewensbeskouing en praktiese beleid die regte is, moet uitgebou word. Die A.S.B.-hoofbestuur wil ook hiermee hom besig hou. 'n Verklaring oor die bestuur se besoek aan die noordelike Bantoetuislande aan die einde van verlede jaar sal binnekort volg.

Mnr. De Klerk het ten slotte 'n beroep gedoen op studente om kennis te neem van wat die A.S.B. is en wat sy beleid is, instemming daarmee te betuig deur aan die A.S.B. se werksaamhede deel te neem, en die organisasie deur die regte kanale te kritiseer.

## *Verklaring van S.R.*

**In ons beleidsverklaring aan die einde van verlede jaar het die Studenteraad dit duidelik gestel dat hy hom gaan beywer om geleenthede te skep waaruit 'n tipiese Puk-studentegees kan ontwikkel, maar dit is net so duidelik gestel dat u, as die studentegemeenskap hierdie geleenthede moet aangryp en dat u op 'n positiewe aktiewe wyse 'n puik gees moet skep uit hierdie geleenthede.**

**GEBRUIK**

**Dit is nou vir my aangenaam om 'n paar van hierdie geleenthede aan u te noem en van u te vra om hierdie aksies te gebruik; nie te gebruik vir iemand anders nie, maar om dit te gebruik vir uself.**

**Die A.O.B. en in besonder die karnavalkomitee is besig om 'n karnaval te beplan — 'n karnaval van so 'n groot opset dat ons met reg kan sê dat dit die grootste karnaval behoort te wees wat enige universiteit nog gehad het. Gooi u gewig oral waar nodig in en dit sal die hoogtepunt van die jaar wees. Ons is baie dank verskuldig aan die raad van die Universiteit, aangesien hulle die klasse afgegee het vir Vrydag 26 April. Laat ons hulle wys ons is die vertroue in ons gestel waardig.**

**LEESTAFEL**

**Binnekort sal 'n leestafel vir koerante en tydskrifte vir u gerief in die kafeteria aangebring word.**

**Die A.O.B. het reeds lank gelede besluit om tafels voor die kafeteria aan te bring en Vrydagaande daar ligte informele konsertjies aan te bied. Hou die kennisgewingborde dop vir die premiere-aand van hierdie nuwe aksie en trek in u hordes daarheen op. Indien u meedoen kan ons hiermee 'n leemte vul wat reeds lank op die Puk bestaan.**

**VERWARRING**

**Daar skyn verwarring te wees oor die begrippe massavergadering en monstervergadering. 'n Massavergadering is gehou met gereelde tusenposes, hoewel daar somtyds geen werklike agendapunte ter beskikking was nie. In die toekoms sal monstervergaderings van tyd tot tyd gehou word en wel slegs as daar 'n aktuele studente-onderwerp is wat d.m.v. 'n monstering van die studentemassa met vrug bespreek kan word.**

**W. N. COETZEE**
**S.R.-Voorsitter**

# Oud-Puk Joolkoningin van Tukkieland ?

**Gaan sy dit maak of gaan sy nie? Dit is 'n vraag wat op menige tong huiwer.**

Laurika van der Westhuizen, 'n oud Pukkie en tans tweede-jaar student in die medisyne aan die Universiteit van Pretoria, het verlede week deurgedring na die eindronde van die stryd om die Tukkies se joolkoningin te word.

**GUNSTELLING**

**Laurika is tans een van die vyf finaliste waaruit die koningin gekies gaan word. Die manlike geslag aan U.P. meen dat sy die gunsteling is.**

Sy is 'n oud-Oosterhoffer en het verlede jaar B.Sc. (Farmasie) aan die P.U. bestudeer. In die lig van haar akademiese prestasie is sy na Pretoria waar sy deur 'n keurraad goedkeuring verkry het om medies aan die Universiteit van Pretoria te studeer.

## Geskiedkundiges kom bymekaar

Die P.U. se Geskiedenisvereniging het verlede Donderdagaand weer met sy werksaamhede begin met 'n byeenkoms in die Frans du Toitgebou.

By die geleentheid het prof. J. S du Plessis, hoof van die departement Geskiedenis, 'n praatjie gelewer oor die geskiedenis van Potchefstroom, terwyl mnr. G N. van den Berg die reëlings bekend gemaak het vir die oorsese toer wat vir Geskiedenis- en Aardrykskunde-studente beplan word.

## Die Pukkie

**Weens onvermydelike omstandighede kon Die Pukkie nie op 16 Maart verskyn word nie. Die verspreiding van die blad vind nou op 30 Maart plaas en alle reëlings vir 16 Maart bly vir 30 Maart staan.**

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE
TOMSTRAAT 888 & C
FOON 5943, 3377

BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM.
Tel. 6575.

GROSVENOR MOTORS
Lombardst. 47. Kerkst. 69.
Telefoon: 4351/2/3
POTCHEFSTROOM.
GEMAGTIGDE FORDHANDELAARS
ANGLIA — CORTINA
CORSAIR — ZEPHYR
ZODIAC — FAIRLAINE en GALAXIE
Asook:
VESPA
en
LAMBRETTA
BROMPONIES.

Vir al u
APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE
Besoek:
APTEKERS J. P. VAN DER WALT (EDMS.) BPK.
Kerkstraat 118,
Telefoon 3237,
POTCHEFSTROOM.

JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420,
POTCHEFSTROOM.
Vir
MODERNE MEUBELS
en alle
HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van die
Jongste Plaat-opnames
Kom besigtig ons groot reeks.

DIE BULT
DAMES HAARKAPPERSALON
ons SPESIALISEER . . .
*
Tomstraat 86A,
Telefoon 5537,
POTCHEFSTROOM.

die WAPAD

WOENSDAG 20 MAART 1968

# Massa of Monster?

Dat die verlede al tot vervelens in hoofartikels van Die Wapad geskryf is oor die eenheid in die studentelewe en die verhouding van die massa tot die gesagstruktuur in die studentelewe, hoef 'n mens nie te verhoed om weer 'n paar gedagtes daaroor te lug nie.

Aanleidend hiertoe is in hierdie geval die aankondiging dat die tradisionele massavergadering vervang word met monstervergaderings, en die veranderings wat daarmee gepaard gaan.

Oor die nadele verbonde aan massavergaderings soos dit in die laaste tyd plaasgevind het hoef daar geen onduidelikheid te wees nie. Gebrek aan belangstelling by die massa het inderdaad veroorsaak dat dit gans en al oneffektief geword het, en dat twyfel oor die nut daarvan ontstaan het. Dit is dan ook om hierdie rede dat ons gepleit het vir meer belangstelling en aktiwiteit van die kant van die massa.

Die vervanging van massavergaderings met monstervergaderings wat byeengeroep word om die mening van die massa oor sekere onderwerpe te toets, is kwalik bevorderlik vir meer belangstelling by die massa. Al sou dit in die praktyk kwalik verskil maak, is dit duidelik dat lede van die massa hierdeur van nog 'n metode om die inisiatief in sekere sake te neem, ontneem word.

Die ou-ou idealistiese argument hierteen, nl. dat lede van die massa deur desentralisasie in staat gestel word om 'n saak deur die regte kanale aan te voer, gaan glad nie op nie. Daardie utopiese toestand bestaan eenvoudig nie. Al uitweg wat ons nou vir enigiemand sien wat beswaard voel oor die skamele sleepfasiliteite op die kampus, is om sy klagte te rig tot die simpatieke oor van 'n slepende Studenteraadslid in die hoop „mog het troffe." Of is daar 'n ander manier?

En al is dit nie die ernstigste voorbeeld denkbaar nie, bly dit tog ons oortuiging dat dit veel vrug kan hê as die geleentheid aan die massa gebied word, en hulle daartoe aangemoedig word, om uit eie geledere sake van belang vir die studentelewe aan te roer en daaroor besluite te neem — al is die enigste voordeel daaraan verbonde dan dat so iets meer gesag behoort te dra by die Studenteraad en ander besture as die versugtinge van 'n enkeling.

Oor die vrug waarmee aktuele studente-onderwerpe op die nuwe monstervergaderings bespreek kan word, kan 'n mens slegs bedenkinge koester. As die bespreking oor oriëntering op die onlangse monstervergadering 'n voorspel is tot wat volg, wonder 'n mens onwillekeurig waarheen ons op pad is.

Dat oor bostaande saak en die visioene wat dit bied, reeds deeglik besin is, is ons die laaste om te wil betwyfel. Maar dat dit die moeite werd is om oor enige saak tweekeer te dink, sal die betrokke outoriteite ons waarskynlik ook wil toegee.

# Tussenverkiesing

More vind vir die eerste keer hierdie jaar tussenverkiesings plaas vir poste op die Studenteraad wanneer stemgeregtigdes van Korps en die Sentrale Sportbestuur na die stembus gaan om elk 'n verteenwoordiger op die Studenteraad aan te wys.

Die Wapad wil 'n beroep doen op elke persoon wat stemreg besit op hierdie twee hoofliggame om more sy of haar stem uit te bring en sodoende volgehoue belangstelling in die studentelewe te bevestig.

'n Hoë stempersentasie more in die tussenverkiesing kan die finale bewys wees dat daar nog 'n aktiewe belangstelling bestaan in die georganiseerde studentelewe. 'n Lae stemtotaal daarenteen sal 'n vingerwysing van skuld wees teen elkeen wat nie sy of haar stem uitbring nie, want wat is inderdaad 'n beter bevestiging van belangstelling as om jou stem uit te bring in die verkiesing van persone wat jou belange moet gaan verteenwoordig?

Die verkiesingskomitee doen sy deel deur die stembusse vir die eerste keer nader aan die massa te bring. Ons kan ons deel doen deur hierdie geleentheid te benut.

Ry in die WAPAD
met 'n TRAPFIETS
'n MOTORFIETS
van
PARK FIETSWINKEL
Van Riebeeckstraat 81 en Kerkstraat 77.
SUZUKI'S HONDA'S B.M.W.
Onderdele — Herstelwerk

# In U Lig

Pred. 12:1. Dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid.

Die gedagtenis aan jou Skepper is die sin van jonkheid. Dit is reeds in hierdie rubriek aangetoon. Soveel so dat alles in die jonkheid hier rondom moet wentel. Dit is die sproeireën van genade in die bestaan. Want jonkheid impliseer ook bestaan. En daar kan immers geen bestaan wees, sonder dat ook ontstaan en voortbestaan hierdeur geimpliseer word nie

Daarom kan die jonkheid in die sproeireën van die denke aan God geen steriele jonkheid wees nie. Dit is 'n genadige jonkheid. Dit is groei. Dit is skepping. Die jonkheid is 'n magtige, gekompliseerde kontruksie van spanning en ontspanning. Deel daarvan is 'n nuwe vreugde, 'n klein spel in musiek en sang, die vreemde voetval van heimwee in sy eie gestalte, 'n vae voorwete van die gelate jare wat kom, 'n doelbewuste besef van lewevoorwete van die gelate jare wat kom, 'n doelbewuste van lewe — in al sy intensheid en ontroering; in al sy triestheid.

Daarom moet ons lewe in ons jonkheid; ons moet elke dag voorloop met die hande opgehef tot die Here; ons moet van die lewe 'n geprese danklied maak; ons moet heilig lewe.

Want is die verlatenheid soms, die eensaamheid, en baie keer die hartseer nie ook gegee om sinvol te wees nie? Dit gaan tog in alles om ons Skepper, dit gaan om Christus se versoening oor ons sonde, dit gaan om ons verlossing — nie ter wille van ons in die eerste plek nie, maar ter wille van die eer van God in die eerste plek.

Daarom: laat die gedagtenis aan jou Skepper in jou jonkheid 'n ere wees tot die Here.

# - Deur My Lens -

Ons hou nie meer massavergaderings nie, ons hou nou monstervergaderings. (Verskil is soos water en $H_2O$. Hoe dit ook al sy, die monstervergadering was glad nie monsteragtig nie, trouens dit was heel gemoedelik, mak. Die goeie ou dae van knopkieries en stampende voete is dus vergoed verby. Ek roep dit met weemoed in herrinnering.

**GELUISTER**

O ja, ons het almal geduldig na die geagte president se toespraak geluister en veral besonder belangstellend. Ons is mos Afrikaners!, ons stel geweldig belang in die A.S.B. En ons is geweldig demokraties. Ons kies elke jaar en verder luister ons. Pragtig.

Almal is ook geweldig kultuurbewus. Ten minste duisend van ons gaan die Kultuursaamtrek bywoon. Die kultuurprofete moet meer en dikwels 'n platform kry om hulle visioene aan die massa bekend te maak. Ek verneem vertroulik dat hulle so prakties was om eers te sorg dat hulle geld het voordat hulle al die belangrike sprekers uitgenooi nooi het. Dit noem ek nou versiende. Ek word vol van waardering en deel mild en vrygewig aan u 'n ruiker uit — gebruik dit as halssieraad.

**AFRIKAANS**

Afrikaans word op die Puk gehandhaaf. Ons betree 'n nuwe era — 'n era van Mercedes Benzes en 'n onverbiddelike handhawing van ons moedertaal. Sing-songs is glo Engelsrig — die nuwe naam is bokjol, singjol, giljol, saamjol, sangjol of iets dergliks — wat ek wel weet is dat jol 'n plek in die woord het. Ek vra aan die groot vernuwers (of is hulle verkramptes?) is jol suiwer van Afrikaanse oorsprong? In 'n studentegemeenskap waar 'n eie taal heers (alles behalwe Afrikaans) is dit vir my absoluut belaglik om 'n oorspronklike term wat uniek is in studentegeledere, te gaan verander — bowendien dit is al so ingeburger — wie sal die nuwe term gebruik? Nietemin daar word gehandhaaf. Geluk. En gedink, Geluk. Oom Hennie werk deur op die Puk.


Wil die S.R. nie 'n tak vir die handhawing van Afrikaans stig nie? Wat van 'n kommissie om dit te ondersoek Om hulle te help, ek dink aan woorde soos Jazz (twak); wit spin (humor gorrel); cherry (meisie); tjommies (maats) ens. Almal ondinge in ons studentesamelewing. Onafrikaans.

Intussen hoor ek dat 'n Skrywerskring gestig is. Dis mooi. Maak poësie, maak prosa — vertolk die tyd, bespeel elke ding soos 'n okule, teken elke ding in sy eie reg. Neem met opregtheid deel aan die groot universele gesprek wat deur die eeue heen klink. Maar wees boweal profeet. En kind — dus nederig. Droom die drome — maak musiek, vir ons ander wat wil luister. Om te skep is 'n heerlike taak — vir diegene wat groot wil skryf moet dit 'n roeping word, 'n bitter kosbare taak wat in waarheid volbring moet word.

Maar helaas, reflector is nie 'n skrywer nie. Ek kan nie liries raak nie. Ek is 'n outsider. Ek kyk bietjie ironies en bietjie sinies na alles. Ek is Don Quijote en ry op my ysterfiets deur die strate — en lag soms — omdat die lag bevry. Hier beoefen ek my verminkte gawe van die woord.

Dis net jammer die Wapad wil my nie soveel betaal soos my vriend in 'n weekblad nie.

# Hy's om die draai




## Ons Lesers Skryf

# Ons moet nie bang wees om te verskil : leser

**Geagte Redakteur, — Die huidige regerende geslag van Suid-Afrika is die mense wat die ingrypende gebeure en ontwikkelings van vier of vyf dekades op ons bodem meegemaak het, teweeggebring het of die gevolge daarvan van naby beleef het. Daar was o.m. Uniewording, die 1914 rebellie, die Eerste Wêreldoorlog, die 1922 mynstaking, die vestiging van Afrikaans, die opkoms van die Nasionale Party, die Tweede Wêreldoorlog, snelle ekonomiese vooruitgang, die kristallisering van „ons roepings" (Skep jou Toekoms) en nou is ons volksopdrag van leiersweë die betekenisvolle en realistiese leuse „Vervul jou Roeping."**

Wanneer 'n normaal-intelligente kind sy vormingsjare deurbring in intellektueel-middelmatige omstandighede met 'n sterk eenrigting-denkpatroon, verg dit inspanning om hom in volwassenheid veel wyer as die denkpatroon te laat dink; wanneer so 'n kind 'n volksleier word en polities grootword in die atmosfeer van 'n stryd tot volkserkenning en rassdiskriminasie, sal dit vir hom moeilik wees om voldoende insig te bekom om aan die vereistes van staatsleiding onder die moderne omstandighede van blits-ewolusie te voldoen.

**FONDAMENTE**

Ons huidige leiers het gehelp om vir ons die moderne Afrikanervolk en die ontkiemende Suid-Afrikaanse blanke volk se fondamente te lê. Hulle het daarvoor geveg, hulle het daarvoor gely, hulle moes daarvoor noodwendig nougeset en enkelvoudig dink, met strewes gevestig op die einddoelstellinge.

Die huidige regerende geslag was sekerlik nie almal onintelligente kinders nie en toon heelwat insig en beheervermoë oor die intrinsieke politieke toestand waarvan Suid-Afrika hom skielik bewus geword het — maar nie voldoende nie: Hulle is mense en nie superwesens wat hulle geredelik kan losmaak van hul politieke opvoeding nie en die moderne tye en omstandighede verg veel.

Dit is nog nie lank wat die breë bevolking in die geleentheid gestel is om bewus te word van rassemoraliteit en gesonde besinning oor ons toekomstige rassetoestande nie; dit is nog nie lank dat die bitterheid van die Afrikaans-Engelse konflik besig is om uit die mond te verdwyn nie: die huidige studentegeslag het grootgeword in hierdie nuwe omstandighede wat deur ons leiers vir ons geskep is.

**AANVOELING**

**Dit kan dus nie anders as dat ons ten minste 'n beter aanvoeling moes ontwikkel het vir die subtiliteite van die kontemporêre vraagstukke as meeste van die ouer garde nie. Dit is dus deel van die roeping wat ons moet vervul om ons jeugdige stemmetjies hoorbaar te maak om hulle wat oud word, aan te vul. Die alternatief is om die eter in sy volheid beskikbaar te stel aan die ekstremisties-linkse gille van die jong Suid-Afrikaners wat 'n konstruktiewe poging aanwend om die helderheid van ons toekoms te besoedel.**

Maar voor ons kan praat, moet ons dink en voor ons kan dink, moet ons op hoogte stel van wat om ons aangaan — en ons moet nooit bang wees om onderling en met die ouer geslag beskaafd te verskil nie, mits ons bedoeling en grondslag suiwer is.

FRANCOIS VENTER

## Pukke wen in die swembad

Verlede Woensdag-aand het die Pukke hulle rugbyneerlaag van verlede jaar gewreek deur die Pote op 'n vriendskaplike swemgala met 99 punte teenoor 72 te verslaan.

Anna Venter en Louisa van de Vyver het elk drie rekords geslaan.

Anna het getoon dat sy baie fiks is deur die 100 tree borsslag in 1 min. 28.1 sek. af te lê asook die 33⅓ vlinderslag in 23.2 sek. en die 33⅓ borsslag in 'n baie goeie tyd van 24.8 sek.


# Tussenverkiesing vir twee hoofliggame

**'n Tussenverkiesing word more gehou om die vakante poste op die Studenteraad te vul wat ontstaan het met die bedanking van mej. Rosalie de Klerk en mnr. Pontifex Venter. In teenstelling met vorige verkiesings word daar vanjaar nie op een sentrale plek gestem nie, maar by verskillende lokale wat naby die onderskeie koshuise geleë is. Persone wat voornemens is om hulle stemme in hierdie tussenverkiesing uit te bring, moet daarop let dat stemreglyste vir sowel Korps as die S.S.B. op die hoofkennisgewingbord verskyn, asook 'n lys van die stemlokale.**

**Onderstaande kandidate is vir die vakante poste genomineer:**

## A - Korps V.V.

**1 R. G. (ROELIE) AUCAMP**
1964. Th.B. II



Bestuur Manshokkieklub
A.S.B.-komitee (1966-67)
Bestuur Korps V.V. (1967).
P.N.B. (1968).

* * *

**2 P. C. (PETRIE) SCHUTTE**
1965. Honns.-B.Comm.



Bestuur Korps V.V. (1966-68).

**3 D. J. (DAWIE) VILJOEN**
1965. LL.B. I



Bestuur Korps V.V. (1966-68)
Voors. Ekonomiese Vereniging (1967).
Volkspelebestuur (1967).
Dorpstudentebestuur (1968).


## B. - S.S.B.

**1 N. C. (BASIE) GEY VAN PITTIUS**
B. Juris II 1964



Regsvereniging (1967-68).
P.U. Suid-Wes Studentevereniging (1968).
Huiskomitee Over de Voor. (1967-68).


**2 W. (WILLIE) VAN DER WESTHUIZEN**
B. Juris. III 1966



Atletiekklub (1967-68).
Dorpstudentebestuur (1967-68)

* * *


**3 L. P. (BLACKIE) VORSTER**
M.A. 1964



Wapadredaksie (1965).
Ontspanningskomitee (1967).
Huiskomitee Dawie Doep-Noord (1967-68).

* * *

**4 W. A. R. (BOB) WENTELER**
B.Sc. (Ind. Chem.) IV 1964.



Tennisklubbestuur (1965-68, Kaptein 1967-68).

## Huisgodsdiens

Geagte redakteur — 'n Mens vra jouself soms af waar jy beland het as jy vir die eerste maal in die sentrale eetsaal van Karlien, Dawie Doep en Over de Voor kom.

Daar is moeilik te onderskei tussen die heersende gees en barbaarse uitinge as 'n mens luister na die opmerkings en kyk na die tafelmaniere by party tafels. Is dit moontlik dat ons as beskaafde mense so kan optree?

In hierdie eetsaal word die eeu-oue tradisie van huisgodsdiens in so 'n mate geskend dat enige opregte Christen dit as sy plig sal beskou om die saal te verlaat. Die tafelgebed word met uitroepe van „mooi gedoen, ou Jan," ens. beantwoord. En die sang na die Skriflesing kan heeltemal uitgeskakel word aangesien dit alleen tot oneer kan strek. Wat word van ons studente as dit wat ons as Christene geroepe is om te doen, so vertrap en ons pêrels voor die swyne gewerp word.

Ons moet besin oor ons beginsels en beskerm wat vir ons dierbaar is. Laat die wat nog opreg die Woord bely saamspan teen hierdie euwel wat besig is om ons Christenwees te bedreig.

BERTIE PRETORIUS
J. Van Rooyhuis.

DIE OU MUTUAL
bied u die
beste in
Lewensversekering
SAM 1961

PARADISE RESTAURANT
Dié kafee op Die Bult . . .
dié kafee waar studente hul
koeldrankie drink
EN SNOEKER SPEEL!
BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.
Tomstraat 86 Tel. 5474

- Boekbespreking -

# Breyten verower 'n plek met digbundel

**BREYTEN BREYTENBACH se tweede bundel poësie „Die Huis van die Dowe" is 'n sterker bevestiging van sy digterskap. Die gedigte is hegter, digter van struktuur en samehang. Die enkele slonsighede en onaf verse van die Ysterkoei is hier tot 'n minimum gereduseer.**

**Dit is my oortuiging dat Breyten met sy jongste bundel vir hom 'n unieke plek in ons literatuur verower het. Trouens sedert die jare veertig het ons nog nie so 'n onmiskenbaar eie stem hoor klink nie.**

As mens die bundel haastig wil karaktariseer (en dus onvolledig) sou jy kon sê dat dit ballingskappoësie is: geestelik in isolasie (die titel slaan ook daarop), 'n algehele eensaamheid omdat die digter losgeslaan is van sy mense en sy taal — dikwels word dit met bitterheid gevoel. Maar sterker nog staan die deurlopende motief van aftakeling, verwording, dekomposisie — 'n letterlike afvrot van die lewe af en aan die lyf gevoel. In „Soos gebluste kalk" word dit hewig gerealiseer. Maar dit is net die een kant van die waarheid: Aan die anderkant word dit in balans gebring deur die liefdespoësie, die kosbaarheid van liefhê en besit. Welis is dit 'n bedreigde geluk: bedreig deur die dood. Ten slotte word Breyten se poësie dan 'n klaagsang in 'n nuwe mineurtoon wat die lewenstragiek van omstandigheidsbepalings, leef, liefhê en sterwe omvat.

**VERSKEIDENHEID**

**Maar verder: Het ons in Afrikaans soveel verskeidenheid in een digter se oeuvre raakgeloop, soveel suiwer ekstase ervaar met die lees van poësie? Basies skryf Breyten 'n soet liriese vers, maar hoe word daar nie getower met die woord nie! Van patos, patetiese heroïk, pynlike erns en stryd tot die heerlike oopbreek van die lag, die lag wat skielik bevry:**

**„Moenie huil nie**
**o moenie treur nie**
**voor in die wapad**
**brand 'n Skilpad."**

Tot die kosbaarste dinge wat Breyten geskryf het behoort sy liefdespoësie. Veral dan omdat dit gekenmerk word deur 'n getheid, 'n deursê van die persoonlike toon, vol fantasie en wonder. En gelaai in 'n oorstelpende beeldrykheid. Veel van sy verbysterende verskuns word hierdeur bevestig.

„maar intussen droom ek die
toeter van sterre,
grommende koplampe bo my nok
en verdwaal in my drome
van afwesige reise
droom ek my gedigte
soos wit huise vir jou oop."

Tot sy beste behoort naas „Bedewete," „My vrou" wat ek 'n gewyde, speelse, stuitige moderne liefdeslied wil noem. Ek haal die slotverse aan:

„haar ore is dus kerke
haar hande is wyn
haar voete is meesterwerke
roosblaar en klein konyn
sy dra vyf tone aan elke voet
worsies spek en bloed
van die beste in die land
my Yolanda
hier kom sy nou
my Vrou"

In „Huis van die Dowe" praat ook 'n rebel, plek-plek slaan die bitterheid brak deur teen ons land. Sommige van ons kan dit miskien verstaan, tog lê hier vir my gevaartekens: Dit kan betogend word, suur — en 'n groot digtertalent op die lang duur tot geen voordeel wees nie. Want wesentlik handel sy poësie oor die groot universele dinge wat die mens van alle tye roer: die verhoudingslewe tussen man en vrou; die leed en verskrikking van menswees; die liggaamlike verwording; natuur en mens: eensaamheid; die noodwendigheid van die dood en die vrees daarvoor. Daarom is 'n betogende verset onverkwiklik in sy verse.

Breyten is in Afrikaans in alle opsigte 'n merkwaardige digter: Hy het 'n eie styl en toonaard, en alhoewel sommige van sy verse kennis verraai van Afrikaanse digters sluit hy nêrens by enigiemand aan nie. Sy poësie is ook geen maklike poësie nie. Inderwaarheid is dit 'n tartende spel met die woord, en al die suggesties en assosiasies wat daaromheen kring.

Die Huis van die Dowe is vanjaar die sterkste kandidaat vir die gesogte Hertzogprys.

P. H. ROODT

* Human & Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 1967. Prys: R2.50.

GRAND TEATER

WOENS. 20 en DON. 21 MAART
THE PLAINSMAN
DON MURRAY
ABBY DALTON

VRY. 22 en SAT. 23 MAART
THE KARATE KILLERS
ROBERT VAUGHN
DAVID McCULLUM

Met Komplimente van
AJAX
(EDMS.) BPK.
BOEKE,
SKRYFBEHOEFTES

INSLEEP!
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

VIR MODERNE VERLOOFRINGE:
TRANSVALIA JUWELIERS
STADSENTRUM.
POTCHEFSTROOM.

# KUNSGESELSIE

Met die val van die huis van Umayyad in die middel van die 8e eeu het die Abbasiede al hoe meeer mag verkry en die kuns van die Nabye Ooste het 'n nuwe plekbepaling verkry.

Die Islamse styl gebaseer op Persiese en Mesopotamiese ornamentele vormtaal het ingedruis teen die breë elektrisisme van die Umayyadse prinse. Alles dra by om Konstantinopel die geïsoleerde bewaarder van Griekse en Romeinse tradisies te maak.

**RYKDOM**

Vandag is daar van die oorspronklike Konstaninoppel byna niks oor behalwe 'n paar ruïnes Die bronsperde wat die vooraangesig van die San Marco Katedraal in Venesië versier, asook die brons slangsuil van die Apollo tempel te Delpphi, wat nou egter in die plein voor die Moskee van Sultan Ahmet staan, is 'n beduidenis van die rykdom aan antiekte kuns wat in die stad te vinde was. Ook uit die marmeroorblyfsels wat in die Argeologiese Museum te Istanbul te sien is, kan duidelik die kenmerke van die standhoudende fontein van Hellenisme gesien word wat steeds die Bisantynse kunsstyl gevoed het.

**PROGRESSIE**

Daar is egter geen konkrete voorbeelde van die kuns wat uit die stigtingsdae van Konstantinopel dateer nie. 'n Mate van progressie in die kuns kan wel gesien word in die muntstukke wat van tyd tot tyd geslaan is. Ook in die verskillende streke wissel die uitbeelding van Konstantyn op die muntstukke. Op die Antiochiese voorstelling is Konstantyn II in profiel met wyd starende oë en 'n prominente keiserlike kroon uitgebeeld waar hy op die Nikomediese muntstuk harder en meer skematies uitgebeeld is.

**KONTRAS**

Hierdie voorstellings was egter nie net tot muntstukke bepaal nie soos blyk uit die beroemde Rothchild-cameo eers geïdentifiseer as die uitbeelding van die Keiser Honoris en sy vrou Maria maar onlangs verklaar as die van Konstantyn II en sy vrou. Alhoewel hierdie afbeelding meer naturalisties as die van Antiochië is, is die verhouding van die nek en kop tot die torso nog steeds baie lomp. Die klein handjies en verkrimpte arms, die ingekrimpte borskaste en die algehele behandeling is in kontras met die bree vlakke en groot oë van die kop.

Later het die keiserlike mag en statigheid meer na vore getree in bv. die uitbeelding van Konstantyn II se triomftog in Rome 357 nC. Dit is in die Persiese styl geverf met goue hare, strakke gelaat en geen beweging wat elke konserwatiewe Romeinse patriarg sou skok. Hierdie nuwe keisersfigure was baie ver verwyderd van die van Augustus op die Ara Pacis. Die transformasie van die Keiser as 'n abstrakte hiëratiese figuur is ook op silwer bakke te sien.

**BEINDRUK**

Die kunstenaars in die hele Keiserryke was so beïndruk deur die nuwe styl dat hulle na die ondersteuningssentrum gehaas het waar verskillende style saamgesmelt het om een te vorm wat in latere beeldhou- en silwerwerk tot uiting gekom het.

# TRUK BIED OPERA VAN MOZART AAN

**Keiser Josef II se liefde vir die Duitse Opera met die Duitse libretto het Mozart aangespoor om Il Seraglio te skryf. Dit is in Afrikaans vertaal deur Bosman de Kock. Die opera is verlede week deur Truk hier in Potchefstroom aangebied.**

Die orkes is meesterlik deur Leo Quayle gehanteer en die regisseur was Neels Hanses.

Die Turkse temas van die overture het die Oosterse stemming van die opera geopenbaar en Pedrillo (George Kok) het die verhaal kortliks geskets.

Osmin (Oystein Liltved) was die haremwagter en die verskrikking van Constanse (Virginia) Oosthuizen) en Blondie (Elieen Shaynne).

**HOOGTEPUNT**

Die hoogtepunt was definitief die arias deur Constanse „dan word ek gemartel" en Constanse Belmonte „O wat 'n ramp." Pedrillo en Osmin het vir heelwat applous en skaterlag gesorg met hul „Lank lewe Bacchus!") Die vier minnaars se „Aag, Belmonte, ag my liefling!" sal seker ook nie gou vergeet word nie.

As ek nou onderskeid tussen die spelers moes maak sou ek sê dat Osmin en Constanse die beste vertoning gelewer het wat die sang aanbetref. Geeneen kom egter naby die toneelspel van Osmin nie!

R.v.d.W.



**'n Bron van groot vermaak vir die meeste Pukke is die orkes wat gereeld tydens sing-songs en konserte optree onder leiding van Johan van Rensburg. Hier verskyn 'n deel van die orkes.**
**Foto: Fotokuns**

## Volkspelers na Pretoria

Die P.U. volkspelelaar woon op 23 Maart 'n T.K.V.V.-saamtrek by op Pretoria. Volkespelelaers van oor die hele Transvaal sal die vergedering wat om 9 vm. gehou word, bywoon.

Voorsiening is gemaak dat die nefies en niggies na die vergadering besienswaardige plekke in die hoofstad kan besoek.

## Kompetisie vir redenaars

Die jaarlikse Wolnit-redenaarskompetisie vind vanjaar op 26 of 27 Maart plaas. Die kompetisie begin om 7.30 nm. in die Hoofgebousaal. Redenaars kan uit tien onderwerpe kies wat op die hoofkennisgewingbord verskyn. Die onderwerpe kan positief of negatief benader word en 'n spreekbeurt duur van tien tot vyftien minute.

Nadere besonderhede oor die kompetisie is op die kennisgewingbord te kry.

# Verlief Verlore? Verloof



Karnaval, karnaval en nog karnaval! Dis al wat 'n mens deesdae dink en doen, maar dis nie die ergste nie, nee, die ergste is wanneer die mense nie meer verloof raak en trou nie. dit klink maar net vir julle so Ons het darem so tussen alles deur van een ou verlowinkie gehoor. Baie geluk aan Nina du Plessis en Danie van die Walt en alles van die beste vir die toekoms.

**FIETSBANDE**

En die volgende klompie wat ek so met sy potlood van my papiertjie wil aftik is die ou-ou slepers. Dis nou die wat ek noem die „preekstoel-toe" kyse. Daar is Andre Viljoen en Roelie Aucamp... ons wonder hoeveel fietsbande het al onder hierdie slepery gely. Rosa Pieterse en Gerrit Grobler sleep ook nog steeds so met een Alabama-opvoering na die ander. Marianne Buys en Gerrit van Rooyen en Elasbe Coetzee en Isak van die oudstryders onder die derdejaars se geledere... hulle sleep al van skooldae af.

**HUIS**

Maar nou moet ek julle eers dit vertel. Ek sien Johan Saunder het nou vir hom 'n huis aangeskaf en nou dink ek maar ...wat hoort tuis by 'n huis Moontlik Hannie van der Walt Verder het Monica Heystek en Jan-Carl Erasmus nou die dag ook die tweejaarmerk verby gesteek. Baie geluk, hou moed, hou kop, hou aan! En nog 'n geval wat vermelding vereis is die van Elsabe Breytenbach en Blackie Vorster. Hoeveel paar skoene het al in die slag gebly op pad Oosterhof toe, Blackie Ralie Roux en Danie Kok sleep net so knaend as wat hulle lank sleep (en hulle sleep knaend!). O ja terloops dit lyk vir my hulle kan glad nie meer een oomblik van mekaar af wegbly nie. Ralie het dan glad nou die dag op Taaibos agter Danie op die rugbyveld aangeloop!

**GROOT FOUT**

Maar van Taaibos gepraat. Ons dink nog almal Marietjie Swart kuier vir die naweek in Pretoria toe kom sy al saam met die Over de Voor-manne terug. Ons wonder darem wie was die aansporing tot so 'n daad Rinda van der Walt dink ook die Taaibos-ritjie is 'n baie goeie instelling. Allen Cross dink ook so. Darem snaaks dat twee mense so dieselfde kan dink!

Maar om terug te kom tot die ou-slepers, Ina van Zyl en Piet Viljoen sê dit gaan nog klopdisselboom met hulle liefdesake. Maatjie Nolte en Jan Wandrag volg in hulle voetspore en so ook Cara van der Berg en Piet Mitchel.

Al het Johan Kruger deesdae so baie ander werk (karnavaleëlings ens.) sleep hy en Hester nog net so knaend soos altyd. Ek wonder of Johan se maats nog kan onthou hoe hulle gesukkel het om hom sover te kry om die eerste keer vir Hester te bel? Eienaardig nê.

**VLERKIES**

Esmarie Steenkamp sê sy wens tog party dae so sy het vlerkies gehad. Net om so af en toe Pretoria toe te vlieg want sy verlang ook darem partykeer na haar Hennie daar op Tukkies. En aangesien ons nou by die verlang storie is sommer al my simpatie aan Florence Weinrich, Esme Hamilton-Atwell, Annemarie van der Merwe, Marthie Viljoen, Ellen Botha, Hester van Jaarsveld, Lina de Klerk, Marie van Aarde en Helena du Plessis.

Marlene van Schalkwyk sal seker nooit die Taaibos-aangeleentheid van 1968 vergeet nie maar ek dink Sybrand wil dit nooit onthou nie. Hy het hom glo byna dood geskrik toe sy sommer so goedsmoeds daar omgekap het.

Marietjie du Préez en Gert Strydom sleep nou ook al drie jaar, maar daar sluip toe 'n foutjie in en daar was glo vuurwerke maar dinge is nou weer stil en rustig op daardie front.

Mense wat so in die verbygaan nogal baie in mekaar se geselskap gesien word is Regina Robbertse en Johan Malan, Hanlie Strydom en Johan Ferreira, Ilse Papendorf en Gerrit Botha (nogal redelik dikwels sou ek sê) en Magrieta Burden (Lara) en Hennie Maartens.

**TOKKELOKKE**

Dan is daar nog net een geheimpie; ek hoor Annalie Gildenhuys stel deesdae so belang in die doen en late van die Tokkelokke. Dit is nou een van die interessante dinge in die lewe. Ek praat nou van die manier en spoed waarmee 'n mens jou belangstelling in die lewe kan verander as dit die dag nodig word.

Ek wil die manne maar net so padlangs begin waarsku. Onthou dis een van die dae karnaval en Intervarsity. Hier gaan 'n splinternuwe gees op die kampus kop uitsteek en as ek nou so aan alles dink, reken ek daar sal 'n spesiale Wapad gedruk moet word wat net die sleepaksies op die Kampus gaan behandel...

Ai, die kinders darem!



**Die pa van Uitspan, mnr. Jan Schutte (links), en die president van dieselfde koshuis, mnr. Wiele Lindhout, kom op die ampsvoertuig aan by die vlaghysing en wapenonthulling van Uitspan verlede week.**
**Foto: W. van Wyk de Vries**

# Uitspan hys sy vlag

Op die aand van 7 Maart het Uitspan weer sy jaarlikse vlaghysing gehad. Tydens die geleentheid is hulle wapen amptelik onthul deur mej. Heilna Venter, primaria van Kulu. Mej. Kitty van Heerden, primaria van Karlien, het die pypregiment geïnspekteer. Onder die eregaste was prof. W. N. Coetzee en tant Nonna du Buisson.

**KOMPLEKSSTATEBOND**

Mnr. Jan Schutte het in sy jaarboodskap gesê dat hy dankbaar is vir die diplomatieke bande tussen Uitspan en Karlien en dat daardie bande en 'n nuutgevormde Komplekstatebond 'n krag kan wees teenoor die moondhede Over de Voor en Dawie Dup, anderkant die ysterlyne.

Die aand se verrigtinge is afgesluit met 'n intertee met die dames van Karlien.

# PUKKE SORG VIR BLINK VERTONINGS

**Die Puk se atlete het voorverlede Saterdag op die Wes-Transvaalse Kampioenskappe weer vir hoogtepunte gesorg en twee het deur hul vertonings vir die Olimpiese Spele gekwalifiseer.**

Dawid Booysen het vir die tweede maal die gewig oor 60 vt. gestoot om 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord op te stel en sodoende ook vir die Spele te kwalifiseer. Hierdie kragman het die 16 pd.-gewig op 'n afstand van 61 vt. 5 dm. laat grond vat. Dit is 10½ dm. verder as Hannes Botha se S.A. rekord. Dawid het verlede Saterdag op die Pilditchstadion in Pretoria weer die ysterbal oor 60 vt. gestoot. Hy het die Noord-Transvaalse rekord verbeter na 60 vt. 10½ dm.

Willie van der Westhuizen het ook op die kampioenskappe gewys wat in hom steek en 'n tyd van 20.9 sek. oor die 200 meter aangeteken om sodoende vir die Spele te kwalifiseer. Hy het derde geëindig na Paul Nash en Sakkie van Zyl. Vir hom is dit egter 'n verwesenliking van 'n ideaal waarop hy nog wil verbeter.

Nog 'n skitterende vertoning was die van Willie Coetzee wat die 110 meter hekkies in 14.4 sek. gewen het. Verlede Saterdag op Pilditch het hy egter op hierdie tyd verbeter om vir die vinnigste tyd vanjaar oor die afstand te sorg, nl. 14.3 sek.

**'n Skitterende vertoning deur Bea Marais in die 800 meter vir dames het die Pukke se naam in aansien laat styg toe sy die gevierde Ann McKenzie geklop het. Sy het die afstand in 2 min. 13.1 sek. afgelê en haar ervare teenstander met 0.7 sek. geklop. Presies 'n week gelede het die 16-jarige Thea Kitshoff van Bellville ook vir mev. McKenzie geklop in die vinnigste tyd oor hierdie afstand wat nog in Suid-Afrika behaal is. Thea se tyd was 2 min. 8.3 sek.**

Die verwagte kragmeting tussen Fanie van Zijl en De Villiers Lamprecht het toe nie verlede Saterdag plaasgevind nie tot groot teleurstelling van die skare. Fanie was voor die byeenkoms in 'n motorongeluk betrokke en kon nie betyds wees vir die wedloop nie. Na verneem word is Fanie nie beseer nie.

Soos menige byeenkomste op Potchefstroom die afgelope jare, kan die Wes-Transvaalse atletiekbase op reg trots wees op die hoë standaard en met 'n pragtige byeenkoms soos die van voorverlede Saterdag, wat deur nagenoeg 5,000 mense bygewoon is.

J.C.S.

# SPORTMANE IS BETER STUDENTE : CRAVEN

**Suid-Afrikaanse studente wat uitblink op sportgebied vaar oor die algemeen baie beter met hul studies as hul maats wat nie aan sport deelneem nie.**

Die man wat so sê is dr. Danie Craven, voorsitter van die S.A. Rugbyraad, in 'n ondersoek wat hy onlangs by die Universiteit van Stellenbosch voltooi het.

**EMOSIONELE BEHEER**

Hy het verklaar dat sportmanne en sportvroue oor die algemeen baie meer emosionele beheer het as hul maats wat dit nie op die sportveld waag nie. Hulle word nie so gou van stryk af gebring nie, het meer deursettingsvermoë, en weet dat hulle, net soos op die sportveld, moet werk om hul doel te bereik.

Vir die doel het dr. Craven twee groepe studente van die universiteit gebruik. Een groep — die nie-sportmanne — is as kontrolegroep gebruik.

Die ander groep se prestasies is toe aan die einde van die jaar met die van die kontrolegroep vergelyk, en was oor die algemeen baie beter gewees. Volgens dr. Craven dra verskillende sportsoorte by tot die vorming van karaktereienskappe.

**VINNIG DINK**

Rugby laat jou vinnig dink en handel — iets wat jy dikwels in die eksamenkamer nodig kry, het hy gesê. Suid-Afrika se „mnr. Rugby" wat terloops nou weer met sy soveelste boek oor rugby klaar is, sê egter dat daar 'n gesonde balans gehandhaaf moet word.

# Skaakklub klop Klerksdorp

Die Skaakklub het verlede Vrydag daarin geslaag om die span van Klerksdorp in 'n vriendskaplike wedstryd met 24 punte teenoor 9 te klop.

Dit was die klub se eerste vriendskaplike wedstryd die jaar en hulle is reeds uitgenooi vir 'n tweede wedstryd teen Klerksdorp.

Die bestuur het 'n beroep gedoen op alle Pukke wat skaak speel om die klub se byeenkomste by te woon.

Nuwe rigtings.
Nuwe vlugte – stralersnel.
Waar u ook al gaan,
Peter Stuyvesant is daar
om te geniet. Ryk, keurige
tabak in Koningsformaat –
soveel meer om te geniet!
Peter Stuyvesant... ryk...
geurig – jongste van
die wêreldmerke.




Vervaardig in Suid-Afrika. Ook in Londen, Sydney, Amsterdam, Kuala Lumpur, Dublin, Toronto, Salisbury, Zurich, Singapoer, Wenen, Auckland, Lusaka en Berlyn
PS3/2

# Taaibos verhang die bordjies weer

**TAAIBOS het voorverlede Saterdag weer die bordjies op die L.C. de Villiersstadion in Pretorie verhang toe hulle Over de Voor in hulle jaarlikse vriendskaplike rugby wedstryd met 24—9 geklop het.**

**Uit die staanspoor was dit duidelik dat dit 'n harde wedstryd sou wees, maar dit was tog aanskoulike studenterugby met baie hoogtpunte, veral in die tweede helfte toe Over de Voor die oorhand begin kry het. Alhoewel die spanne goed teen mekaar opgeweeg het, het Taaibos tog daarin geslaag om munt te slaan uit Over de Voor se foute en het daardeur vier opportunistiese drieë gedruk, heeltemal teen die verloop van die spel.**

Taaibos het eerste bloed geruik en een van hul losvoorspelers het in die hoek oorgeduik vir 'n drie wat nie vervyf is nie. Kort daarna het Danie Kock die telling gelyk gemaak met 'n skitterende strafskop. Taaibos was weer gelukkig en het twee drieë na mekaar gedruk om die rustydtelling op 13—3 te staan te bring. Een van hierdie drieë was 'n skitterende stukkie werk deur Dap Louw wat 'n losbal opgeraap het en naby die pale oorgeduik het.

**GESKOP**

Na rustyd het Taaibos se losskakel, Billy Cullen aanmekaar geskop om sodoende die bal van die Pukke se agterlyn weg te hou. Hy het ook goed daarin geslaag, maar het die wedstryd daardeur ontsier. Taaibos het daarna twee strafskoppe behaal om 19-3 voor te loop. Maar toe het Over de Voor losgetrek en die bal, wat hulle loedweinig uit 'n skrum af lynstaan gekry het, rond te gooi Gerrit Coetzee, slot het een van hierdie bewegings afgerond met 'n drie wat nie vervyf is nie. Callie Coetzee het kort daarna skitterend gebreek en oorgeval vir nog 'n onvervyfde drie. Taaibos het weer die Pukke se doelgebied verower met nog 'n drie wat dur Cullen vervyf is om die telling op 24—9 te staan te bring.

Aan die kant van Over de Voor was dit veral die belowende skrumskakel en kaptein van Over de Voor se span, Danie Kock wat uitgeblink het. Die agterlyn het oor die algemeen goed vertoon, maar afronding en samespel het nog kortgekom. Die agterspelers van die Pukke moes feitlik net verdedig. Die vleuels het nie een keer die bal uit 'n volle agterlynbeweging ontvang nie. Die ervare Dries du Plooy se afwesigheid was 'n groot terugslag — veral as daaraan gedink word dat hy heelwat van die maklike vervyfskoppe en strafskoppe wat verbrou is in punte kon omskep het. Hy moes hom net voor die wedstryd weens 'n enkelbesering onttrek.

**VOORSPELERS**

Die voorspelers het manmoedig ingeklim, maar in 'n latere stadium van die wedstryd het hulle te los vertoon. Dit kan egter van albei spanne gesê word. Die haker van Taaibos het egter die meeste van die tyd die bal uit die lug gehaak en is nooit daarvoor gestraf nie. 'n Mens wil nie verskonings soek nie, maar dit wou voorkom asof die skeidsregter op 'n onverklaarbare manier die bal van die Pukke probeer weghou het. Die paar keer wat die agterlyn van die Bloutruie die bal gekry het was daar beslis moeilikheid. Die Taaibossers het egter tot die end geveg om hul voorsprong te behou en hul het as verdiende oorwinnaars van die veld gestap.

Over de Voor se ander spanne het ook verloor. Die tweede span het net-net met 8—6 verloor. Hier wil ek graag die name van Sam du Randt en Johan Kriek noem wat skitterend vertoon het.

Die rugby was hard en lekker en almal het dit ten volle geniet. Die res van die dag het Taaibos gesorg dat die Pukke hulle geniet en hulle het skitterend daarin geslaag want die manne van Over de Voor het teruggekeer na Potchefstroom met baie meer vriende in Pretoria.

J.M.

**Die Wapad word gedruk deur Ensline, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**


Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal.



U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM


## Tafeltennis sit goed af

Die tafeltenniswedstryde het weer begin en die Pukspanne het besonder goed afgesit toe die tweede mansspan en die eerste damesspan vir die Leon Lewis I van Klerksdorp onderskeidelik met 10—0 en 9—1 die loef afgesteek het.

Die derde mansspan het in 'n wedstryd teen die Anglikaanse Kerk se eerstespan met 5 elk gelykop gespeel. Die uitblinkers was Fantie Loots en Tienie Prinsloo.

**GEEN KOMPETISIE**

Vanweë geen kompetisie in die Klerksdorp-Potchefstroom area het die eerste mansspan ingeskryf vir die Premierliga in Wes-Transvaal. Dit is die Krugersdorp-Florida area waarin van die die beste tafeltennisspelers in die land hul bevind.

Die eerstespan het verlede Donderdagaand naelskraap teen die span van Discovery verloor. Na verneem word is hulle die sterkste span in die liga. Dit is voorwaar 'n besondere prestasie. In hierdie kragmeting het L. Theron skitterende spel gelewer en C. du Plessis het hom onderskei deur twee uit drie wedstryde te wen.

## Rekord vir Dames



**Bea Marais het haar gedurende die afgelope paar weke bewys as een van die Republiek se voorste atlete oor die 800 meter vir dames. Alhoewel Bea, 'n voormalige naelloopster, eers hierdie seisoen aan die nommer begin deelneem het, spog sy reeds met baie goeie tye. Voorverlede Saterdag het sy die Wes-Transvaalse kampioene in die nommer geword met 'n tyd van 2 min. 13.4 sek. Min mense weet egter dat Bea gedurende die afgelope vakansie saam met Rosalie de Klerk en Annalie Gildenhuys 'n nie-amptelike Suid-Afrikaanse rekord van 7 min. 24 sek. oor die 3 x 800 meter aflos vir vroue daargestel het tydens 'n landloopkamp wat van 3 tot 13 Januarie in Oos-Londen gehou is. Op die foto bo gee Bea die stokkie aan Rosalie oor tydens die wedloop.**

**Foto: Daily Dispatch.**

## LIBERALIA VERRAS VRIEND EN VYAND MET RUGBY

**Liberalia het Saterdag, tydens die interkoshuis-intervarsity teen Boekenhout van Pretoria, vriend en vyand met hulle rugby verras.**

Liberalia se tweedespan het hulle wedstryd met 27—3 verloor, nadat die telling teen halftyd maar 9—3 in Boekenhout se guns was. Tenspyte van die hoë telling teen Liberalia het hulle goed gespeel. Die Pretorianers was egter te fiks vir die manne van Liberalia.

**EERSTE SPAN**

**Die eerstespan onder aanvoering van Blackie Voster het man-vir-man uitstekend gespeel. Liberalia het eerste punte aangeteken. Na 'n losgemaal het Piet Mulder die bal met 'n lang aangee aan die vleuel Phillip Smit besorg, hy het mooi gebreek en na 'n lang lopie die bal aan Cas Coetzee besorg wat gaan druk het. Die drie is deur heelagter Gerrie van Rooyen vervyf.**

Liberalia het die voorsprong van 5—0 tot net voor halftyd behou toe die een stut van Boekenhout na 'n voorspelerstormloop gaan druk het. Die drie is nie vervyf nie. Na rustyd het beide spanne kwaai aangeval maar nie een van die twee spanne kon agter sy teenstander se doellyn kom nie. Die regtervleuel van Boekenhout het met twee mooi strafskoppe geslaag en sy span 9-5 laat voorloop.

Dit was dan ook die eindtelling.

**HARDE RUGBY**

Boekenhout het met hulle kenmerkende harde rugby voor die dag gekom maar het die span van Liberalia glad nie oorrompel nie. Hulle moes hard veg om die oorwinning te behaal en het na die wedstryd erken dat die rugbyspanne van 'n koshuis met net 92 inwoners hulle verras het.

Met die nodige oefening en afrigting lê daar vir Liberalia 'n suksesvolle rugbyseisoen voor volgens die Boekenhouters.


„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

Turkstra

te kry by u kafeteria